

# HERBS

No. 97

September 2010

*Hierdie geïllustreerde nuusbrieff bied die jongste Hermanus Botaniese Vereniging se nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste [www.fernkloof.com](http://www.fernkloof.com)*

## HERMANUS BLOMME- en EKO-TENTOONSTELLING

FERNKLOOF NATUUR RESERVAAT

30 September tot 3 Oktober

Blom- en Spesimenuitstallings, Eco-tente, Plantverkope  
TEE en MIDDAGETE

### VOORSITTERSVERSLAG AUGUSTUS 2010

2010 sal, sonder twyfel, onthou word as die jaar van die Wêreld Sokkerbeker waartydens Suid-Afrika uitblink het deur die besoekers aan die land 'n voorsmakie te gee van die soort lewe aan die suidpunt van hierdie wonderlike kontinent. Dit is egter ook die jaar van biodiversiteit – en ook hier skitter Suid-Afrika, veral ons heel suidelike punt van die land. Die omvang van die biodiversiteit in die Kaapse Blommekoninkryk is verstommend. Fernkloof Natuurreservaat self is die tuiste van baie meer spesies as in die ganse Verenigde Koninkryk. Botsoc, OCF en die Munisipale Bewaringsdepartement was trots op die Fernkloofuitstalling by die Biodiversiteitsekspos wat teen die einde van Maart by Kirstenbosch aangebied is. Ronnie Hazell het 'n interessante en aantrekklike oudiovisuele aanbieding oor Fernkloof se biodiversiteit en die werk van hierdie drie organisasies saamgestel. Dit was baie goed ontvang by die Ekspo en het baie belangstelling in die Reservaat gewek.

Hierdie oudio-visuele aanbieding is in Julie as 'n inleiding tot ons Sop-en-Sjerrie-aand by die lede-aand vertoon; 'n aansienlike hoeveelheid van beide is deur die baie lede wat bygewoon het, weggeslaan. Met 2010 ook as die 50ste herdenking van Botsoc se naamverandering van Hermanus Horticultural Society na die Hermanus Botanical Society, het hierdie feestelike aand ons die geleentheid gebied om ons tien lede met die langste lidmaatskap te vereer. Die eerste plek gaan aan Aneke Sprat wat vir die indrukwekkende tydperk van twee-en-veertig jaar, al 'n lid is!

Die lede-aande word steeds goed bygewoon en voorsien baie stof tot nadenke oor 'n reeks onderwerpe. In Maart het Odette Curtis die hoogsbedreigde plantegroei, bekend as renosterveld, nagevors en die belangrike werk wat sy doen in 'n poging om boere so ver te kry om onontwikkelde gebiede van bruikbare grootte opsy te sit vir bewaring, verduidelik. In April het Vic Hamilton-Atwell ons in vervoering gehad oor die mikro-wêreld van ultra-vergroting en in die proses selfs die tegno-bleeksiele bevredig met verduidelikings oor die binnewerke van verskillende

tipies mikroskope. In Mei het Michael Orren 'n kort, maar inligtingbelaaide oorsig voorgedra oor klimaatsverandering en die waarskynlike impak op die Overstrand-gebied. In Junie het Dalene Worrall ons getrakteer met 'n beskrywing van haar reis na die Iguacu Falls National Park in Suid-Amrika. In teenstelling met die Suid-Afrikaanse benadering, het Iguacu 'n beleid van minimale impak op die wilde gebiede deur toeriste te beperk tot hoogs gereguleerde gebiede waar alle fasiliteite, vervoer ingesluit, deur die park se bestuur voorsien word.

Die winter ten spyt, was die afgelope paar maande 'n besige tyd in Fernkloof. Baie sou opgemerk het dat die laerliggende tuine 'n miernes van bedrywigheid was. Die arboretum-projek ter herdenking aan Chris en Elwen van Schouwen is feitlik voltooi, met net 'n paar afrondingstakies om gedoen te word. Bome is geplant, paadjies is gelê en klip- en houtbanke gebou. Die restourasie van die laerliggende tuine gaan voort vanaf die arboretumarea, direk oos van die kliphek. Die grondvlak langs die heining is gelig en nog bome, struik en grasperke sal geplant word. Die singel kry ook langverwagte opkikker-aandag. Baie dank is verskuldig aan die menigte helpers wat op verskillende maniere by hierdie projek betrokke was en steeds is. Ons is ook dankbaar teenoor die Hermanus Rotariërklub vir hul milde bydrae wat dit vir ons moontlik gemaak het om besproeiing in hierdie deel aan te lê.

Na 'n baie intensiewe ontwikkelingsproses wat in die wiele gery is deur tegnologiese probleme wat soms astronomiese afmetings aangeneem het, nader die nuwe stapperskaart vir Fernkloof nou voltooiing. Dit sal 'n grootformaatkaart van die reservaat wees met volle roetebeskrywings agterop – beskikbaar in Afrikaans en Engels. Hopelik sal geen verdere slaggate ondervind word nie en kry ons dit binnekort by die drukker.

Aan die administratiewe kant, dankie aan Geoff Andrew en sy gewillige en bekwame span vrywilligers. Die Botsoc-kantoor is nou in die ooggende beman en daar kan omgesien word na versoeke en navrae. Ons het nou Afdeling 18A belastingvrystellingstatus wat beteken dat alle bydraes of bemakings uit boedels, vrygestel word van inkomstebelasting. Ons sal sertifikate uitreik vir enige sodanige bydraes of bemakings. Onthou asseblief vir Botsoc wanneer jy jou boedel beplan of bydraes aan verdienstelike organisasies oorweeg.

Alhoewel dit, tegnies gesproke, die middel van die winter is, bevestig deur die walvisse wat in die baai die wateroppervlakte breek, is die eerste tekens van lente reeds in die fynbos sigbaar, wat ons gedagtes stuur na die lentebloomweelde. Beplanning vir die Blomme- en Ekotentoontelling het al begin, en soos gewoonlik sal ons dankbaar wees vir enige bystand om hierdie belangrike gebeurlikheid op die dorpskalender aan te bied. Hierdie jaar sal die Blomme- en Ekotentoontelling vanaf Donderdag 30 September tot Sondag 3 Oktober plaasvind –die laaste naweek van die skoolvakansie. Die OCF beplan 'n groter "Eko"-uitstalling, vol dinge om te sien en doen, en ons het ons blomme-skou in die saal en natuurlik sal die Fernkloof Kwekery volgepak wees met opwindende plante! Dit sal 'n wonderlike manier wees om vir die winter totsiens, en vir die somer hallo te sê – dit natuurlik as die weer saamspeel.....

**Pat Miller**

**Hartlike gelukwense aan Frank Woodvine vir sy verwerwing van die  
'Burgemeester se Omgewingstoekening'  
vir sy 34 jaar aan Fernkloof en die Hermanusomgewing**

## THYMELAEACEAE

THYMELAEACEAE is seker een van die grootste bek-rekkers in die lys van botaniese familienaam – vergeet maar om dit reg te probeer spel! Dus, vanwaar die naam? Hy het nie sy oorsprong, soos dit wel logies mag voorkom, by Tiemie nie, wat tot 'n ander familie behoort. Dit is eintlik ontleen aan die genus *Thymelaea* van die Griekse *thymos*, tiemie, plus *elaia* olyf. Hierdie naam is oorspronklik vereenselwig met die gewilde tuinplant, *daphne* wat 'n lid is van die familie *Thymelaeaceae*.

Ons kan dit dus, meer gerieflikheidshalwe, die Daphne-familie noem of, soos daarna in die "SA Wild Flower Guide" Nr 5 (Stellenbosch tot Hermanus) verwys word, die Basstroop-familie, weens die taatheid van die bas wat nie somer breek nie maar in stroke afstroop.

Wat ook al die oorsprong is, dit is 'n belangrike deel van die Kaap se Blommekoninkryk. In rangorde wat grootte betref, is hy Nommer 20 met 124 spesies, waarvan 76.4% endemies aan die Kaap is. Net in Hermanus is 22 spesies in 4 genera (geslagte). Hulle is 'n interessante, dog somtyds verwarrende groep. Gelukkig is ten minste die genera redelik maklik te onderskei:

**Gnidia** is, met 150 spesies, die grootste genus wêreldwyd, hoofsaaklik in Afrika, waarvan 10 in Hermanus te boek gestel is. Gnidias word geken aan hul blomme wat in terminale knoppe aan die punte van die takke voorkom. Hulle is gewoonlik wit of roomkleurig tot geel en die meeste is bedek met syagtige haartjies, waarvan die skoonheid slegs onder vergroting waardeer kan word. Kyk op 'n sonnige dag deur 'n oogglas, en jy sal verbaas wees.



*Gnidia squarrosa*



*Gnidia pinifolia*

Die mees algemene gnidia in ons omgewing is waarskynlik *Gnidia squarrosa* wat 'n struik van tot 2 meter hoog vorm en, blykbaar, feitlik die hele jaar deur blom, veral naby die kus en teen die laer berghange. Plante is somtyds by die Fernkloof-kwekery beskikbaar en hulle vul leë kolle in die agtertuin mooi op.

*Gnidia pinifolia*, met sy netjiese vorm tot ongeveer 'n halfmeter hoog, smal donker blare en groot trosse buisvormige wit blomme aan die punte van die takke, is nóg 'n potensieel goeie tuinvuller. Hy blom blykbaar enige tyd van die jaar en loop na bergbrande weer uit.

**Struthiola**, waarvan 6 spesies in Hermanus opgeteken is, vorm die tweede grootste groep. Hul blomvorm en samestelling is soos dié van Gnidia, dog, in plaas daarvan dat hulle in terminale trosse voorkom, groei hulle enkel en dubbel in die blaaroksels, met 'n blom-aar in die bo-deel van die stam.



*Struthiola tomentosa*



*Struthiola confusa*



*Struthiola ciliata*

Een van die aantreklikste in hierdie gebied is die syharige *Struthiola tomentosa*, met sy blomme wat wissel in kleur van room tot geel, en rooi getint. Hulle kom vryelik voor teen die laer hange by Fernkloof, veral in die Klipspringergebied.

Twee baie eenderse spesies is *Struthiola confusa* en *S. ciliata*, beide met roomkleurige blomme, hoewel laasgenoemde s'n rooi getint kan wees. Beide gee teen skemer lieflike geure af en word bestuif deur motte. Hulle kan gewoonlik onderskei word van mekaar deur die feit dat *S. ciliata* wit-wollerige takke en blaarrande het, veral naby die punte. Dit blyk gelukkig dat hulle op verskillende tye op verskillende plekke in Fernkloof blom, wat dit makliker maak om die soorte uit te ken.



*Lachnaea densiflora*



*Passerina corymbosa*

**Lachnaea**, wat seker spog met die aantreklikste blomme in die familie, word in Fernkloof verteenwoordig deur slegs een spesie, hoewel nog ses in die algemene gebied voorkom. Ons s'n is *Lachnaea densiflora*, met ruikervormige ronde room- of rooskleurige knoppe. Hulle vorm netjiese struikies, tot 250 mm hoog, en word in die lente en vroeë somer hoofsaaklik teen laerliggende sanderige hange aangetref.

**Passerina** is 'n genus wat geneig is om deur die meeste mense misgekyk te word, veral buite blomtyd – eenvoudig net deel van die algemene groen agtergrond van die fynbos. Wanneer hulle egter in Oktober blom, word die onopvallende bossies skielik rooi of geel en hul wolke stuifmeel vul die lug, want, teenstrydig met die ander, is hierdie genus windbestuif. Ons het vier spesies in die gebied. *Passerina corymbosa* kom teen die laer berghange voor terwyl die ander kusplante is. Een, *P. ericoides*, word in die jongste Rooidatalys as "Kwesbaar" aangegee.

Die blomme van hierdie familie is eenaardig in die sin dat hulle bestaan uit 'n goed-ontwikkelde blomkelkbuis en, indien hulle enigsins kroonblare het, (sleg Gnidia en Struthiola) is dié beperk tot klein skaalagtige of vlesige lobbetjies by die mond van die blomkelkbuis.

## WAT BLOM ?

As jy hierdie tyd van die jaar met die Kranspaadjie langs loop, sien jy dikwels die klimplante van die APOCYNACEAE-familie wat die bos bedek. Hierdie lede van die melkbossie-familie is inheems aan ons kusstrook en hulle is die Natuur se manier om die *Sersia* ( *Rhus* ) wat so welig groei, onder beheer te hou.



*Cynanchum africanum*



*Cynanchum obtusifolium*

*Cynanchum africanum*, (Klimop), is 'n rankplant met horisontale ranke, teenoorstaande, effens vlesige ovaal blare en trosse geurige blomme. Die donkerbruin kroonblare met bleek rande is gedraai om te lyk soos sy algemene naam, bokhorinkies, aandui, en die buisvormige bykroon is wit met 10 tande.

*Cynanchum obtusifolium*, algemeen bekend as "Bobbejaantou" klim tot 3 meter en het 'n houtagtige basis. Die teenoorstaande, eivormige blare met geronde hartvormige basisse, het opvallende are aan die onderkant. Die blom wat dwarsdeur die jaar uitbot, het 'n wit bykroon en die styl is nie gesteel nie.



*Astephanus trifloris*



*Dipogon lignosus*

'n Ander APOCYNACEAE, *Astephanus trifloris*, is 'n slingerplant met slanke teenoorstaande blare en 'n helder sap. Die klein wit blommetjies in blomskerms het vyf kroonblare, uitgebote met rooskleurige pers in die keel. Dit groei in bosagtige plekke vanaf seevlak tot 200m. Dit blom van Mei tot Augustus.

Die *Dipogon lignosus* of Kaapse Pronk-ertjie is 'n lid van die FABACEAE-familie. Hierdie kruipende hegrank blom dwarsdeur die jaar en sy opsigtelike ligpers tot pers en rosige ertjieblom verhelder die groen kusplantegroei. Trifoliate leaves het 'n paar blaaragtige strukture weerskante van die hegting na die blaar (steunblare) en hy bring sekelvormige peule voort met 4 – 6 sade.

**Christine Wakfer**

## MORAEA VUVUZELA!



'n Nuwe *Moraea*-spesie is naby Worcester ontdek. Dié *Moraea* is deur die SANBI- botanis, dr. John Manning, *Moraea vuvuzela* gedoop om Suid-Afrika se rol as gasheer vir die Wêreld-sokkerbeker te herdenk. Die epiteton, 'vuvuzela', is, soos almal reeds "gehoor" het, die naam van die trompetagtige blaashoring wat deur ondersteuners by die wedstryde geblaas is! Die pragtige klein bolletjie word slegs in twee habitatte tussen Rawsonville en Villiersdorp aangetref. Beide populasies word deur boerderybedrywighede en ontwikkeling bedreig.

Hierdie spesie is deur Anso le Roux, 'n Rawsonville-inwoner, onder die aandag van SANBI gebring nadat sy in 2006 die klein plantjies in blom in ongebrande veld ontdek het. Na 'n beheerde brand is 'n groot populasie van die spesie in Julie 2009 in blom gevind en voorbeelde is bymekaar gemaak vir beskrywing en illustrasie. Nog 'n populasie is sedertdien deur CREW (Custodians of Rare and Endangered Wildflowers) naby Villiersdorp gevind.

Foto's deur John Manning: Verwys [www.sanbi.org](http://www.sanbi.org)

## NUWE AANSTELLING VIR FERNKLOOF

Welkom aan die nuut-aangestelde Fernkloof-veldwagter, Dean Gardiner. Beginnende in Julie hierdie jaar, sal Dean se pligte wetstoepassing, beperkte administrasie, omgewingsopvoeding-entoeisme en ekologiese monitering behels. Hy doen verantwoording aan die reservaatbestuurder, Grant Forbes.

Dean het die afgelope vyf jaar vir die Munisipaliteit Overstrand se afdeling Parke, Sportvelde en Strande gewerk en op 'n ad hoc-basis by Fernkloof. Hy het ondervinding in die aanwending van kraggereedskap, infrastruktuur, onderhoud van paadjies en die beheer van indringerplante.

**Grant Forbes : Reservaatbestuurder**



**Dean Gardiner**

## GELUKWENSE VIR MARGARET DE VILLIERS



Vier van haar pragtige en baie fyn uitgewerkte botaniese skilderye is aanvaar vir uitstalling by hierdie jaar se Botaniese Kunsbiënnale. Die uitstalling word al om die twee jaar by Kirstenbosch aangebied en sal botaniese kuns van kunstenaars vanoor die hele land verteenwoordig.

Die 2010-uitstalling sal op skilderye van raar en bedreigde en nou endemies Suid-Afrikaanse plantspesies fokus.

Die raar ***Nivenia stokoei*** (links), 'n lid van die IRIDACEAE-familie en wat slegs in die Kogelberggebied voorkom, is een van Margaret se skilderye wat vir die uitstalling gekies is. Die uitstalling vind vanaf 5 tot 24 September daaglik van 09:00 tot 17:00 plaas. Toegang is gratis, die tuintoegangsfooi onnodig aangesien die uitstalling in die Ou Mutual Konferensiesentrum plaasvind.

## **BOTSTAP - BotsSoc se Uitstappiegroep vir Senior Stappers**

**Piet Joubert** het hierdie suksesvolle stapgroep sedert 2001 georganiseer en gelei. Piet was aanvanklik in 1996 deur At Rabie, vorige sameroeper van die Botstappers, aangestel as 'Braaikommandant' en dit was slegs omdat At, op grond van swak gesondheid moes uittree, dat Piet die leierskap oorgeneem het. Sy terugvoering is dat dit 'n wonderbaar genotvolle ondervinding was om vir die afgelope nege jaar betrokke te gewees het by so 'n entoesiastiese groep, dog, hy voel dat dit tyd is vir hom om uit te tree, wat hy vir vroeg in 2011 beplan. Piet berig dat die Botstappers vier keer per jaar bymekaar kom en die aanvraag vir plekke is so gewild dat die groep met tye tagtig stappers tel!

Die twee of drie oorblyfnagte sluit gewoonlik kamp- en woonwageriewe asook oorblyhutte in. Piet moet nie net besoekpunte verkry wat die groot getalle kan huisves nie, maar ook seker maak dat, waar moontlik, daar verskillende stapmoeilikhedsgrade is vir die ywerige fiksies en die meer informele wandelaars.



Piet lei sy groep oor die rivier by Victoriabaai



.....en hoop die res is veilig oor!

Sommige gewilde uitstappies het ingesluit 'n staptog na die Krake en die Malteserkruis in die Sederberg, staptoere in die Wildernis Nasionale Park, die Groenewidewoud naby George, staptog in Citrusdal en oorbly by Die Bad Warmbronnord, besoeke aan Grootvadersbosch, die Karoo Nasionale Park, Victoriabaai, Jacobsbaai en staptoere in die Du Toitskloof- en Bainskloofberge. Die volgende Botstap-uitstappie is van 19 tot 22 Oktober na Victoriabaai. Vir diegene wat daarin belang stel om by Botstap aan te sluit of wat meer informasie nodig het, moet vir Piet per e-pos skakel by [piet.botstap@hermanus.co.za](mailto:piet.botstap@hermanus.co.za) of 028-314 0264 bel.

## **JAARLIKSE LENTEVERKOPING**



**Ons vriendelike personeel sal jou bystaan**

**20% korting op alle plante**

**FERNKLOOF KWEKERY**

**30 September - 3 Oktober**

## Aalwyn-hibriede op verkoping

Jack en sy personeel sal by Fernkloof Kwekery wees om aan jou hulp te verleen tydens die **BLOMME-en EKO-TENTOONSTELLING**.

Jack berig dat opwindende nuwe plant-variëteite op die uitverkoping sal wees, insluitend 'n verskeidenheid aantrekklike en treffende nuwe Aalwyn-hibriede soos die pragtige '**Aloe 'Candyfloss'**' op die foto, regs. Alle plante word aangebied teen 'n afslag van 20%.

Maak dus seker dat jy vroeg daar is om gebruik te maak van al wat die kwekery kan aanbied.



## Mymerings in Fernkloof

Die nuwe banke in die Van Schouwen Arboretum dra die goedkeuring van die manlike leier van die Fernkloofse bobbejaantrop weg. Die trop blyk die tuin te geniet sedert die nuwe paadjies en sitplekke geïnstalleer is!

## DAGBOEKDATUMS

### 5 September tot 24 September Daaglik

Kirstenbosch Biënnale

Uitstalling van Botaniese Kuns in die Old Mutual Saal Kirstenbosch

Toegang gratis

### 30 September tot 3 Oktober

HERMANUS BLOMME- EN EKO-TENTOONSTELLING by Fernkloof

### 15 Oktober 19h00 Fernkloof Saal

Cameron McMaster, 'n gevierde kenner van inheemse bolplante sal 'n geïllustreerde praatjie aanbied onder die hoof 'Bolplante van die Overberg'

### 19 tot 22 Oktober

Botstap-uitstappie na Victoriabaai

### 19 November 19h00 Fernkloof Saal

Franz Noltee, 'n vetplantdeskundige van Calitzdorp sal ons besoek

Baie dankie aan André van der Spuy vir die vertaling  
Ons verwelkom enige bydraes tot/terugvoer op die nuusbrief.

Redakteur: Sandy Jenkin

Redaksionele assistente: Geraldine Gardiner, Christine Wakfer, Lee Burman

Hermanus Botaniese Vereniging

Privaatsak X16

Hermanus 7200

Tel: 028 314 0554

[botsochermanus@telkomsa.net](mailto:botsochermanus@telkomsa.net)

